PO Box 13177
Leraatsfontein
1038
Tel: (013) 697 5068
Email: patriot@absamail.co.za
Web: www.patrioths.co.za

Hoërskool Patriot

NUUSBRIEF 1 VAN 2024

UIT DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

Goeiedag Ouers/Voogde

Hierdie nuusbrief bevat inligting rondom gebeure in die skool asook allerlei nuus wat by Patties aan die gebeur is. Dit is vir my lekker om die brief te skryf as die amptelike hoof van Patriot.

Dankie vir die ondersteuning, omgee en liefde. My missie is om gebalanseerde individue te ontwikkel wat voorbereid is om in elke aspek van hul lewens te lei en te inspireer. Ek is toegewyd daaraan om 'n ondersteunende omgewing te skep waar elke leerder sy of haar volle potensiaal kan bereik. My droom vir Patriot is dat ons in ons skool die hoogste standaarde van integriteit, respek en uitnemendheid handhaaf. Goeie norme en waardes is die grondslag van 'n suksesvolle akademiese, sport- en kultuuromgewing.

AKADEMIE

Almal is hard aan die werk in die klaskamers en leerders is gemotiveerd deur die nuwe merietestelsel (Club 100) wat geïmplementeer is. Leerders is tans besig met mini-eksamens wat tot 20 Mei 2024 sal duur. Graad 12-leerders is besig met verpligte periode 8 klasse. Ons kan nie glo dat die Junie-eksamen oor drie weke afskop nie. Die Junie-eksamen begin 21 Mei 2024 tot 13 Junie 2024. Ons versoek ouers om hul kinders te ondersteun in die komende eksamen. Dit is 'n belangrike eksamen vir veral ons graad 12-leerders.

Baie dankie aan al ons ouers wat hul kinders se belang op hul harte dra en die oueraande getrou bygewoon het.

SPORT

Tussendeur is die sportprogram ook druk besig. Die netbal, rugby en hokkie is besig met ligawedstryde. Ons dogtersrugby het begin. Ons het genoeg dogters wat speel en hul vaar sover baie goed. Hul het nog bietjie oefening nodig, maar hul fiksheid is goed. Ons seunsrugby vaar uitstekend en hul is in die semi-finale uitspele wat begin op 25 Mei 2024. Ons is baie trots om u mee te deel dat vier van ons hokkieseuns en twee rugbyseuns ingesluit is in verskeie Mpumalanga spanne.

Ons landloop is ook aan die gang. Hulle het al aan nagwedlope deelgeneem. Die landloopliga begin ook eersdaags.

Ons boogskietleerders vaar beter met elke wedstryd. Die boogskietligas is ook tans aan die gang. Ons eerste kompetisie tuis vind plaas op 25 Mei 2024. U ondersteuning sal waardeer word. Ons is ook trots om u mee te deel dat een van ons onderwyseresse, mev. Louw, ook begin deelneem het en sy vaar baie goed. Dit motiveer ons boogskietleerders. Dankie ook vir elke ouer se ondersteuning.

Ons landsdiens het ook afgeskop op 'n hoë noot.

Baie dankie aan elke Pattie wat so entoesiasties deelneem aan al die aktiwiteite.

KULTUUR

Op die kultuurgebied gaan dit ook baie goed. Net 'n paar insette om onder u aandag te bring:

Ons het vir die eerste keer deelgeneem aan die Con Spirito-leeskompetisie. Ons leerders het baie goed gedoen. Daar was drie itemwenners en 4 gaan deur na die finaal in Augustus 2024.Ons koor het gaan kamp vanaf 01-03 April 2024. Ons het meer as 100 koorlede. Ons koor het op Vrydag, 03 Mei 2024 vir die eerste keer opgetree. Hulle neem op 15 Mei 2024 aan die Applous-kompetiesie deel en op 31 Mei 2024 is daar 'n optrede by die Sudwala-grotte. Ons het 22 redenaars wat deelgeneem het aan die SALA redenaars-kompetisie. Ons wag nog vir die uitslae. Ons interhuisredenaarskompetisie was op 12 Februarie 2024 en daar was baie belangstelling gewees. Ons dramaklub is op dreef vanaf April 2024. Die leerders oefen elke tweede Woensdag en ons is ook opgewonde oor die toneelstukopvoering waarvoor hulle oefen.

Ons het nog aktiwiteite om na uit te sien hierdie kwartaal. Op 13 Mei 2024 het ons 'n Engelse leesfeesmiddag. Daar is ook die Kansvatter redenaars, Radikale redenaars en SALA-spelling Bee op 10 Mei 2024.

Ons leerders maak ons baie trots op kultuurgebied!

BELANGRIKE SAKE

SELFONE

Dit het onder ons aandag gekom dat leerlinge steeds fone gebruik wanneer hulle nie moet nie. Ek herinner u dat die skool geen verantwoordelikheid neem as die foon gesteel word of weg is nie. Die skool bly by die standpunt van geen selfone by die skool nie.

BOELIE TEEN LEERLINGE EN ONDERWYSERS

Ek wil beklemtoon dat geen boeliegedrag aanvaar sal word nie. Leerlinge wat hulle skuldig maak aan boelie sal summier geskors word en sal dan eers mag terugkeer skool toe na 'n eksterne verhoor met die beheerliggaam. Leerlinge wat nie respek vir hulle maats en onderwysers het nie, sal nie geduld word nie.

NETHEID VAN DIE SKOOL

Ek versoek dat ons te alle tye ons skoolgronde skoon hou. Buite die skool moet dit ook netjies en skoon wees. Die beeld van ons skool is baie belangrik en met u samewerking sal ons dit behou. Leerlinge wat hulle skuldig maak aan rommelstrooi sal gestraf word.

PADGEBRUIK VAN LEERDERS

Dit het onder ons aandag gekom dat daar uitdagings is rondom die aflaai- en oplaai van u kind. U kind se veiligheid is vir ons baie belangrik. Daarom wil ons versoek dat die kinders in die wagarea wag totdat u daar is om hulle op te laai. Reël asseblief ook so met die betrokke persoon wat u kind kom oplaai by die skool. Die kleinhekkie in Pieter Rorich straat moet gebruik word vir private voertuie en die hoofhek vir publieke vervoer.

Ons vertrou u sal ons hande vat in hierdie saak.

ALGEMEEN

Die gemeenskap en die omgewing is belangrik vir ons. Die landsdiens het 'n herwinningsprojek begin waar leerders glas en plastiek herwin.

Ons wil elke leerder uit ons hart bedank wat deelneem aan die bloedskenkprojek. Ons het met die laaste bloedskenk 80 eenhede geskenk. Baie dankie!

Graag wil ek terugvoering gee oor die volgende punte:

- Die Mpumalanga Departement van Onderwys het ons skool besoek. Hulle was baie tevrede met die manier oor hoe die Beheerliggaamverkiesing plaasgevind het. Daar was twee sake waarna hulle gekyk het en hulle het bevind dat die skool en die verkiesingsbeampte 100% volgens die riglyne die verkiesing hanteer het. Ons is trots om aan u die ouers wat verkies is, bekend te stel.

Mnr PJ van der Berg	-	Voorsitter
Mev EE Jabar	-	Voorsitter – Fincom
Mev B Nkosi	-	Ondervoorsitter – Fincom
Mnr GP Harmse	-	Voorsitter – Geboue en Terrein
Mnr B Skosana	-	Voorsitter – Dissipline
Mev L Cockeran	-	Voorsitter - Bemarking
Mnr E Mahungela		
Mnr H du Plessis		
Mev K van Wyk		

Ons is baie opgewonde om die pad saam met hierdie ouers te stap vir die volgende drie jaar. Bogenoemde ouers het ook al opleiding ontvang en weet presies wat van hulle verwag word.

- Die skool het 'n suksesvolle oudit gehad vir die 2023 finansiële jaar. Ons het 'n skoon oudit gekry sonder enige probleme. Dit is 'n bewys van goeie finansiële bestuur. Baie dankie aan die vorige beheerliggaamslede en die wat steeds betrokke is vir hul positiewe insae.
- Dankie aan die vorige beheerliggaam vir julle harde werk op die verskillende terreine van Hoërskool Patriot om die skool 'n beter plek vir almal te maak.
- Baie dankie aan al die ouers wat so getrou hul skoolfonds betaal. Ek pleit by ouers wat agterstallige skoolfonds het om dit so gou as moontlik op datum te bring. Ons het elke sent nodig.

Baie dankie aan elke leerder, personeellid en ouer wat 'n positiewe bydrae tot hierdie skool lewer. Sterkte vir die res van die kwartaal wat voorlê.

Saam sal Hoërskool Patriot nuwe hoogtes bereik.



Patriotgroete.

HOOF
FG MOSTERT